

KOMMUNIKAMMA 24 APRIL 2022



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkruggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkruggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkruggakamma.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 24 April

Skriflesing: Spreuke 3:5-6

Tema: Depressie 101: Kom ons praat daaroor

Het jy geweet?

- Na raming raak depressie meer as 300 miljoen mense wêreldwyd.
- Die toestand kom by ongeveer dubbel soveel vroue as mans voor.
- Ongeveer 11% van volwassenes in Suid-Afrika is diagnoseerbaar met major depressie, van wie vroue 70% uitmaak.

Daarom kom gesels die bekende spreker genaamd Johan Laten, Sondag met ons oor Depressie.

<https://youtu.be/PLOf380a0s>

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

08:30 Eietydse erediens

Die diens is gemik op Kinders en Families. Ons kyk en luister na Johan Laten se Eenmanvertoning (#puppet).

10:00 Klassieke erediens

Die diens neem 'n ander vorm aan. Na 'n kort inleiding oor die siekte gesels ons oor die impak wat dit het op gelowiges, en hoe dit bestuur kan word, veral hoe die 60 plussers hulle ouer kinders en kleinkinders moet en kan ondersteun.

Johan sal tussen die twee erediens tye beskikbaar wees om mense te woord te staan indien daar so 'n behoefte is. Die #puppet aanbieding word ook Sondagaand 18:00 by Lorraine Familiekerk aangebied.

09:45 Kategese vir Graad 1-11

Die deurdankoffer gaan vandag vir MTR Smit Kinderoord

Maandag 25 April

12:45 GEBEDSKILD

Gemeente gebedgeleentheid by konsistorie. Almal is welkom.

Dinsdag 26 April

INSKRYWINGSVORM: UITDAGINGS MET DIE GROOTMAAK VAN SEUNS (26 April 2022)

'n Aanlyn-kursus oor die uitdagings om seuns groot te maak deur prof Wentzel Coetzer word op Dinsdag, 26 April 2022 van 09:00 - 13:00 via zoom aangebied. Die kursusfooi beloop R300. Kontak vir MG of Niekie vir meer inligting.

Woensdag 27 April Vryheidsdag

KERMIS 8:30 – 12:30

Kom kuier saam met die gemeente om die braaivleisvure, by die koffiewinkel, of agter die kerkgebou waar die kindervermaak plaasvind.

Vrydag 29 April

05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

Sondag 1 Mei

09:00 EREDIENS

Neem asb kennis dat daar slegs een erediens sal wees, a.g.v die langnaweek. Daar sal ook geen kleuterkerk of Kategese wees nie.

SAKE vir GEBED:

- Die situasie in die Oekraïne is steeds baie kritiek. Ons bid vir Goddelike ingryping, beskerming van medegelowiges en almal wat deur die oorlog geraak word. Bid vir Christene in Rusland. Baie van hulle is nie ingelig oor alles wat in Oekraïne aan die gang is.
- Die springkaanplaag wat verwoesting saai. Ons bid dat die Here vir boere en gemeenskappe uitkoms sal bring.
- Ons dank die Here vir elke druppel genade reën, maar bly steeds op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van ons damme. Dink ook aan KwaZulu-Natal waar die reën groot lewensverlies en skade veroorsaak het.
- Almal wat siek is. Ons bid dat elkeen van hulle genesing en die nabyheid van God sal ervaar.
- Hugo Gerber se herstel na 'n operasie.
- Eileen Scholtz se suster, Doris, is in die hospitaal.
- Maria Latsky se skoonsuster gaan vir 'n operasie.
- Seën oor ons kermis.
- Loof die Here vir 'n dogter van Kleinskool wat haar graad voltooi het my NMMU. Ons dank ook die Here vir geestelike groei wat onder die jeug in Kleinskool plaasvind.
- Gerrit en Janine Coetsee se bediening. Ons bid dat die Here sal seën en beskerm op elke gebied.

Gebedsversoek vir There4-Bedieninge

Bid saam met Christene in **Soedan**, wat baie uitdagings in die gesig staar, dat hulle voortdurend sal groei in hul kennis van Christus en in staat sal wees om met ander te praat oor die redding wat in Christus alleen gevind word.

Gebedsversoek vir Radio Feba

Feba Oekraïne word 'n hulplyn van hoop terwyl bomme op Kyiv en ander stede reën.

Omroepers saai tydelik vanaf huise, bomskuilings, kelders en selfs badkamers uit. Hulle deel Christus se boodskap van liefde en hoop oor die lug en sosiale media- platvorms. Normaalweg ontvang hulle 1000 oproepe per dag maar tydens die oorlog is daar tot 4000 'n dag van verskrikte, angstige en desperate mense. Pastoor Sergei sê die les wat hy in die oorlog geleer het, is een woord: Emmanuel. (God met ons) Kom ons bid en vra God se genade vir Oekraïne en sy mense.

Dankie skrywe van Kleinskool

Die helfte van die fondse wat tydens die Maart Malligheid ingesamel is, is aan 'n kleuterskool in Kleinskool geskenk. Die fondse is aangewend om die kleuterskool uit te brei. Ons het die volgende skrywe is van Cici Jacobs ontvang:

“To All the church members

We, at Love and Hope Preschool, would like to thank you very much for your kind hearts and how you blessed us. Our centre has grown from 15 children in 2017 to 35 children in 2022. They are from ages 6 months to 5 years, so we desperately needed an extra classroom. We thank you for helping us to build this extra classroom.

We are looking forward to moving them into their separate classes. When we are finished with the new classroom, we will send you some photos.

Thank you for caring for our community and our children

May you be blessed

Love and Hope Preschool
Principal C Jacobs

Liefde vir ons naaste- 'n Nuwe rolstoel vir Carien Blom benodig

Ons het hierdie week te hore gekom van 'n jong gesin in ons gemeente wat 'n behoefte vir hul dogter het. Carien Blom is 'n blink 10-jarige dogtertjie wat op 27 weke te vroeg gebore is. Komplikasies na geboorte ('n ernstige breinbloeding) het breinskade veroorsaak, en sy is daarna gediagnoseer met Serebrale gestremdheid en Hydrocephalu. Carien se ouers, Stephan en Christelle Blom, is besig met 'n *back a buddy* fondsinsamelingsprojek want sy kort 'n nuwe rolstoel, en daar is verder groot mediese onkoste. Gaan loer gerus op die skakel indien jy 'n bydrae wou maak, of dalk meer wou weet: <https://www.backabuddy.co.za/champion/project/carien-blom>

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

24 April	Jack Geysler, Jacques Robson en Ryno Scholtz
25 April	Marne Ackermann, Lienke Buchner, Jacques Conradie, Stefan Hanekom, Yolande le Roux en Nici Snyman
26 April	Ienke Barnard en Deané Barnard
27 April	Annica Botha, Anja Dreyer, Charl du Plessis, Daniel Grobler, Jakkie Pieterse, Nico Potgieter, Hein Stapelberg en Barbara Venter
28 April	Berno Burger, Piet Greyling, Este Louwrens, Rhyen Mulder, Mias Nieuwoudt en Odette Wessels
29 April	Lecinda du Preez, Wiehahn Maritz, Oelof Noble, Bessie Petzer, Liné Rossouw, Stephen Tait, Paul van Heerden, Ansunel van Rooyen en Zander van Rooyen
30 April	Tanja Claassen, Brandon Clark, Melissa Hamilton en Laura Krause



'n Spesiale gelukwense aan tannie Bessie Petzer wat op Vrydag 29 April haar 98ste verjaarsdag vier.

FINANSIËLE HULP: JY KAN JESUS SE "BEURSIE" IN OEKRAÏNE HELP WEES!

Die gedagte het ontstaan en gegroei dat voorbidding met verdere aksie verryk moet word. Dit het daartoe gelei dat moontlikhede ondersoek is hoe kerkleiers in Oekraïne op 'n manier finansiëel hier uit ons sinodale gebied ondersteun kan word. Die NG Kerk in die Oos-Kaap het reeds R130 000 ingesamel.

Inbetalings kan by ons kerkkantoor gemaak word. Merk asb net baie duidelik dat dit vir Oekraïne is.

Ander Rekeningbesonderhede waarheen donasies gestuur kan word is:

Rekening: NG Kerk in Oos-Kaapland; ABSA 290 581 192; Verwysing: oekra + [gemeentenaam] of [donateurnaam]

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

